



Goeie Nuus Good News

NOU REEDS 27 JAAR OUD!

GRATIS

Nov./Des.
2025

AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION

Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: 079 273 4630
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant -
Good News Newspaper



Die Opperherder roep ons as Herders

In die vroeë oggendure, terwyl ek in diepe beproewing verkeer, kom die Stem van die HERE duidelik tot my soos 'n golf wat oor my spoel, en Hy sê vir my: **Die HERE is my Herder.** Ek klou krampagtig daaraan vas soos aan 'n magneet. Ek begin peins daaroor. Dit noop my om na die rekenaar te gaan en naslaanwerk te doen onder leiding van die Heilige Gees.

My gedagtes spoel na Jesus toe: *"Ek is die goeie Herder. Die goeie Herder lê Sy lewe af vir die skape"* (Joh. 10). Ek lees verder, al die daaropvolgende verse, ook met intense aandag, want ek wil aanhou om God se Stem te hoor. Ek wil niks misloop nie. Twee hele dae is die HERE met my besig hieroor totdat dit insink.

1. DIE HERE ROEP EN BEKRAGTIG ONS SOOS DAWID

Kom ons let op die lewe van Dawid. Hy was die jongste en kleinste onder sy broers. En die taak is hom opgelê om sy pa se skape op te pas in die wildernis, 'n semi-woestyn. Daar was geen krale met heinings nie. Sy broers het hom geminag en hom met tye verkleineer. Gebeur dit nie ook soms met ons nie? En erger nog, verkleineer en verag ons ander? Moet ons nie eerder vir hulle 'n herder wees wat hulle ophef en versorg nie?

In die oorlog het Dawid se broers in die leer van koning Saul teen die Filistyne geveg. 'n Formidabele volk in daardie tyd. Saul moes hulle gaan verslaan. Saul was die gesalfde koning van God, want Samuel het die kruik met olie geneem en op sy hoof uitgegiet (1 Sam. 9-10). As Saul God net maar enduit gevolg het! Maar toe kom Dawid by die slagveld aan. Wat het hy in sy hand? Kos vir sy broers, 'n herderstaf en 'n slingevel. Hy was nie 'n soldaat nie. Maar net Kleinboet wat agter die skape moes kyk. En

sy Ouboet Eliab se reaksie? Vyandiggesind! Hy het kwaad geword: *"Waarom het jy eintlik afgekom, en aan wie het jy daardie klompie kleinvee in die woestyn afgegee? Ek ken jou vermetelheid en die boosheid van jou hart, want jy het gekom om die geveg te sien."* Verkleinerend.

Saul het op hierdie stadium sy koninklike salwing deur ongehoorsaamheid verloor. Die mantel het nou reeds op Dawid geval, want Samuel het hom gesalf as koning! God het hom bekragtig vir sy taak. Hy het geweet wat God met hom wil doen! Hy meld hom aan vir sy roeping onder die salwing en krag van die Heilige Gees. En vir Saul sê hy: *"Die God wat my verlos het uit die klou van die beer en uit die klou van die leeu, Hy sal my verlos uit die hand van hierdie Filistyn."*

Wanneer God se salwing op jou rus, is geen uitdaging vir jou te groot nie. Sê Jesus nie dieselfde vir Sy Kerk nie? Hy sê nog steeds: *"Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees!"* Al word jy vervolgt, al word jy deur Satan self aangeval, sal die Here sal jou bekragtig om 'n herder en versorger vir ander te wees.

2. KAN 'N HERDER VEG?

Ons dink baie keer aan 'n herder as iemand wat liefdevol sorg vir sy skape. Dit is so. Maar soms moet die herder veg om gevare af te weer. In die verhaal hierbo sien ons dat die omstandighede vereis het dat iemand na vore sou tree om te veg ter wille van Israel. Wie sou dit wees? 'n Onwaarskynlike en onbekende jongman - Dawid. Dawid het geleer om te veg agter die skape. Hy roep tot Goliath: *"Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE (Jahwe), die God van die slag-orde van Israel, wat jy uitgedaag het"* (1 Sam. 17:45).

Ons sien hier 'n wonderlike parallel in Jesus se lewe. Hy het Satan verslaan in die woestyn van versoeking; verder in Getsémane; en weer op die kruis toe Hy uitgeroep het: Tetelestai! (Dit is volbring!) Jesus het die Bose oorwin, en Hy stel ons in staat om dit ook te doen! Nou word ons as gelowiges ook geroep om te veg.

Ons kom *"in die Naam van die Here Jesus Christus"* want Hy het die wêreld en Satan reeds oorwin (Joh. 16:33). En deur die Woord van ons getuigenis en die bloed van die Lam kan ons hom ook oorwin (Op. 12:11). Ons doen dit met die krag van die Gees en nadat ons die wapenrusting aangegetrek het (Efes. 6). Die Here leer ons om op te staan en te weg wanneer daar geestelike aanvalle op ons is, of op dié wat aan ons sorg toevertrou is.

3. 'N HERDER DIEN TE MIDDE VAN BEPROEWINGE

'n Herder versorg sy skape, maar dit is nie altyd 'n maklike taak nie. Soms is daar nood, soms 'n skaarste aan water en aan voedsel. Die son bak genadeloos neer, die warm wind bring ongemak. Maar in ons nood is God daar om ons te versterk en te bekragtig, om ons roeping uit te leef ten spyte en te midde van die aanvalle en omstandighede.

In 1 Pet. 4:10 lees ons: *"Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige (poikilos) genade van God."* En ook in 1 Pet. 1:6: *"Daarin verheug julle jul, al word julle nou - as dit nodig is - 'n kort tydjie bedroef onder allerhande (poikilos) beproewinge."* Poikilos kan dui op "veelsydige" of "veelkantige" of in Engels, "many coloured" genadegawes waarmee ons mekaar moet dien, te midde van allerhande beproewinge. Die veelvuldige (poikilos) genade van God en allerhande of

veelvuldige (poikilos) beproewinge staan teenoor mekaar. Maar die genade van God oortref die beproewinge wat net "vir 'n kort tydjie" duur. Want God se genade, Sy barmhartigheid, Sy vrede, Sy liefde, Sy ontferming, Sy medelye is alles veelvuldig en onmeetbaar. God is liefde, en kan nie deurpriem word nie. God is Almagtig en kan nie deur Satan omvergegooi word nie.

In ons tyd van beproewing slinger Satan allerhande leuens en valse beskuldigings na ons. Maar God is ook met ons besig. Hy is besig om ons te vorm en te lei as ons Opperherder. God se poikilos genade is by verre, onmeetbaar groter as Satan se kariger en mindere poikilos beproewinge. Want Satan word deur God aan bande gelê: Hy sal *"nie toelaat dat ons bo ons kragte versoek word nie"* (lees Jak. 1:1-18). Daarom sê Jakobus: *"Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here belof het aan die wat Hom liefhet"* (Jak. 1:12).

Versoeking kom van Satan, want God versoek niemand nie (Jak. 1:13). Inteendeel, uitkoms uit die beproewing kom van God af, terwyl Hy besig is om ons te vorm en op te lei om as Sy gesalfdes uit te gaan en ander gelowiges te versterk en op te bou. Ons moet herders word vir ander, juis in tye van hulle nood en beproewing. Vir ons sê die Woord aangaande Jesus: *"Deurdat Hy Self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word"* (Heb. 2:18). Ons loop in Sy voetspore, ons volg die Goeie Herder. Ons word 'n herder vir ander.

4. 'N HERDER WORD GESEËN MET GEESTELIKE GAWES

Hoe moet ons ander dien? Hoe kan ons 'n herder vir ander word? Paulus skryf, *"En ons besit*

Vervolg op p. 7

GIFTS OF HOPE

My firstborn, “Sweet Baby James,” turned 18 this month. On the morning of his birthday, Jay and I tiptoed into his room. His six-foot-something frame was spilling out of his twin bed, but his sleeping face still looked so childlike. We eventually woke him up and a few seconds after opening his eyes, he groggily reflected, “It’s been a really great 18 years.”

I teared up. James was six months old when I nearly died from a stroke. The past 18 years have been anything but great in so many ways. But his brave birthday declaration of goodness over his own life inspired me to reframe these not-so-great years as our years of greatest growth. My good/hard story gave James - and me - what an easy story never could have.

So in the spirit of my son giving me the gift of a renewed mind on his birthday, I’m sharing a few lessons I’ve learned from 18 years of raising James.

Perhaps the biggest gift we’ve given James - and he’s given us in return - is the reality that **we don’t get to choose our stories but we get to choose how we feel about**

our stories. No one else gets to decide that for us. While we cannot always control what happens to us, we can control how we respond to it. Narrating our lives in the most truthful way requires us to name what’s hard and recognise what’s good. That usually results in a net positive.

Because James lived in a home where all was not well, he’s predisposed toward the empathetic assumption that most people are going through something really hard, too. He knows he doesn’t have the corner on hardship. **Our pain can make us shrink inward, or it can expand our capacity for compassion.** When we choose compassion, we’re no longer alone in our pain. It connects us rather than isolates us.

While God has redeemed so much of what I lost (including having another biological son after my stroke) I still feel a lingering sadness over some things I’ll never regain, like mothering James in his first years of life. There was a time when I thought this feeling was an alarm signaling a lack of gratitude or a faltering faith. Now I understand that I’ll probably experience a low-

grade sorrow for the rest of my days. And you might, too. **Low-grade sorrow is not an alarm; it’s an assurance of the wholeness we were made to feel and a promise of the fullness waiting for us in heaven.**

By the time he was a toddler, James had spent more time in hospitals than most people will in their entire lifetimes. Then he spent his childhood and teen years in the midst of countless friends with disabilities at Hope Heals Camp, MEND Coffee, and as my travel buddy to speaking engagements around the country. He isn’t allergic to suffering; he’s totally at ease with it because he’s been exposed to it. **There’s an art to being present with people in their pain. To master it, we must practice it. No attempting to fix it or offering advice.**

Witnessing my two boys develop into people with their own stories has reinforced the truth that we are all on assignment. **Our lives have been given to us by God, on purpose and for a purpose.**

I want to keep raising my kids in the reality that God has set good (and hard) work before them. And I want to keep living on assign-



ment myself, greeting each new challenge with the conviction that God has made me to be a force for good in this world. So happy James’ birthday to you, dear one. May you see your life, with all its hopes and heartbreaks, as “really great” today and every day.
- Katherine Wolf
<https://hopeheals.com>

The Good Shepherd

“He tends His flock like a shepherd: He gathers the lambs in His arms and carries them close to His heart...” (Isaiah 40:11 NIV).

This verse is one of the most tender portraits of God in all of Scripture. Amid a chapter that speaks of God’s overwhelming power - the same God Who measures oceans in the palm of His Hand and calls stars by their name - Isaiah also gives us this stunning picture of His gentleness.

God is not just mighty; He is merciful. He is not only strong; He is tender.

In this verse, Isaiah compares our God to a shepherd who cares daily for a flock of sheep. We, like sheep, have a tendency to wander and go astray. Sheep fall into traps or are killed and eaten by predators. But a shepherd’s only priority is the care and safety of his flock.

A shepherd must be strong enough to carry a wounded ewe or to ward off wolves from a stranded lamb, but caring enough to nurture them and lead them to green pastures.

Centuries later, Jesus would stand among the people of Israel and say, “*I am the Good Shepherd.*” In doing so, Jesus connected Himself directly to the heart of Isaiah’s prophecy. The care, compassion, and closeness described in Isaiah 40:11 finds its fulfilment in Christ.

Jesus doesn’t keep His distance. He gathers us, carries us, and draws near to us. In our weakness, He lifts us up. In our confusion, He leads. When we’re overwhelmed, He doesn’t demand more than we can give. He walks with us gently, personally, and with deep affection.

This is Who our Shepherd is. Powerful enough to rule the universe, yet loving enough to carry us close to His heart!

Prayer: God, my Good Shepherd, thank You for carrying me close to Your heart. Lead me today with Your kindness and care. Remind me that I am never alone, and give me the strength to trust You as I follow You. Amen.
- Selected



THE MESSAGE FOR MAYANS

What do clowns, toothbrushes and *The Story of Jesus for Children* film have in common? Pastor Gama-liel (Gama) Gonzalez uses all of these to spread the message of the Gospel to the Mayan people in the Yucatán Peninsula. Formerly a musician, Gama sensed God calling him to share the message of Jesus in this region of Mexico. In an episode of *The Unheard Story*, a *Jesus Film Project* podcast, Pastor Gama shares about this experience. “I remember when I was called by God to leave Mexico City and come to where I am now,” says Pastor Gama. “I said yes to the call, but I didn’t know exactly what to do. I just knew I needed to share the Gospel.” Without formal ministry training, Gama began driving to nearby communities and remote villages in the jungles of Mexico,

preaching the Gospel wherever people would listen. The work was difficult, and Gama often felt under-equipped - but he prayed for God to provide what he needed.


“God never left me alone,” Gama shares. “I was asking God for tools. I was asking God... I don’t know how to do it. I know we need to do more, but I don’t know how.” One day Gama received a call from a friend in the United States. He told Gama about a ministry that wanted to make a film - *The Story of Jesus for Children* - in the Mayan language. Gama understood that this was an answer to his prayer. “In less than six months, someone in the States gave all the money to make that film in Mayan,” Gama recalls. With his help, a team from *Jesus Film Project* completed the Mayan

translation of *The Story of Jesus for Children*. He facilitated the film’s premiere on a big screen in a local village and everyone in the village showed up. After the film, Gama gave the audience an explanation of the Gospel and presented them with the opportunity to follow Jesus.

“I invited them to repent and to receive Jesus Christ.” Many responded by raising their hands. Pastor Gama remembers that moment clearly. “Everything we prepared - the trip, the film, equipment, people, our people in Mexico, the people from the States - every work was for that (exact) moment.” After the film, an elderly woman approached Gama with tears in her eyes. In Mayan she said, “This is unbelievable. Jesus speaks Mayan. Now I know He understands my prayers. Now

I know He knows me.”

Since moving away from Mexico City to pursue this mission, Pastor Gama has made it his goal to visit every village in the Yucatán Peninsula and share the hope of Jesus in the Mayan language. He does this through his ministry, *The Message for Mayans*, which takes teams into remote Mayan villages to share the Gospel through children’s ministry, distributing meals and hygiene supplies like toothbrushes and by hosting showings of *JESUS* and *The Story of Jesus for Children*. Recently, Pastor Gama shared a message of thanks with Cru and *Jesus Film Project* staff. He talked about the unseen work it takes to bring the Gospel message to those who need to hear it. -Alexandra Rodriguez <https://www.jesusfilm.org>



Ministry @Work

WERKSPLEK-BEDIENING

WORK PLACE MINISTRY

PRAYER IN THE WORKPLACE	THAPELO MO TIRONG
<i>It is necessary for Christians to pray in the workplace, both for the workers and by the workers. Here are three reasons with supporting Bible verses:</i>	<i>Go botlhokwa gore Bakeresete ba rapele mo tirong, ba rapelele badiri le ke badiri. Mabaka a le mararo a a nang le ditemana tsa Beibele ya Setswana tse di tshegetsang ke ano:</i>
<i>1. Prayer brings God's guidance and wisdom for work decisions and challenges.</i>	<i>1. Thapelo e tlisa kaelo le botlhale jwa Modimo mo ditshwetsong tsa tiro le dikgwetlho.</i>
<i>Proverbs 3:5-6: “Trust in the Lord with all your heart and lean not on your own understanding; In all your ways acknowledge Him, and He shall direct your paths.”</i>	<i>Diane 3:5-6: “Ikanye Morena ka pelo yotlhe, mme o se ikaege ka tthaloganyo ya gago. Mo gopole mo ditseleng tsotlhe tsa gago, mme ene o tla siamisa ditselana tsa gago.”</i>
<i>2. Prayer invites God's empowerment and blessing over the work done.</i>	<i>2. Thapelo e laletsa maatla le tshegofatso ya Modimo mo tirong e e dirilweng.</i>
<i>Colossians 3:23-24: “And whatever you do, do it heartily, as to the Lord and not to men, knowing that from the Lord you will receive the reward of the inheritance; for you serve the Lord Christ.”</i>	<i>Bakolose 3:23-24: “Le fa e le eng se lo se dirang, se direng ka pelo yotlhe, jaaka e le go direla Morena, e seng batho, ka lo itse gore lo tla amogela boswa mo Moreneng e le tuelo. Kana lo direla Morena Keresete.”</i>
<i>3. Prayer fosters peace, unity, and strength among coworkers, creating a better work environment.</i>	<i>3. Thapelo e dira gore go nne le kagiso, kutlwano le nonofo mo gare ga badirimmogo, mme seno se dira gore go nne le tikologo e e botoka ya tiro.</i>
<i>Philippians 4:6-7: “Be anxious for nothing, but in everything by prayer and supplication, with thanksgiving, let your requests be made known to God; and the peace of God, which surpasses all understanding, will guard your hearts and minds through Christ Jesus.”</i>	<i>Bafilipi 4:6-7: “Se tshwenyegeleng sepe, mme a ka metha tse lo di tlhokang di itsisiwe Modimo ka thapelo le kopo, di na le tebogo. Mme kagiso ya Modimo e e fetang tthaloganyo yotlhe e tla boloka dipelo tsa lona le maikutlo a lona mo go Keresete Jesu.”</i>
<i>Therefore, prayer in the workplace is necessary to seek divine wisdom, invite God's Presence over labour, and maintain peace and unity among workers, all of which contribute to fulfilling God's purpose through work.</i>	<i>Ka jalo, thapelo mo tirong e botlhokwa go batla botlhale jwa Modimo, go laletsa go nna teng ga Modimo mo godimo ga tiro, le go tshegetsa kagiso le kutlwano mo badiring, tse tsotlhe di thusang go diragatsa maikaelelo a Modimo ka tiro.</i>

WIE EN WAT IS MINISTRY@WORK?	WHO AND WHAT IS MINISTRY@WORK?	MINISTRY@WORK KE MANG LE ENG?
Nie-winsgewende Maatskappy met die Visie: “Om Jesus na die Werkplek te bring - ‘n boodskap van Hoop waar dit die meeste saak maak.”	Non-profit Company with the Vision: “To bring Jesus to the Workplace - a message of Hope where it matters most.”	Khamphani e e sa direng dipelo e e nang le Ponelopele: “Go tlisa Jesu kwa Tirong - molaetsa wa Tsholofelo fa o leng botlhokwa thata gone.”
Missie: Om die Evangelie van Jesus Christus na die Werkplek te neem en te verkondig.	Mission: To take and proclaim the Gospel of Jesus Christ to the Workplace.	Thomo: Go tsaya le go bolela Efangele ya ga Jeso Keresete kwa Tirong.
HOE DOEN ONS DIT? Weeklikse besoeke by die werksplek: Vroegoggend, Middagete of Laatmiddag. Ons bedien reeds meer as 15 werksplekke in JB MARKS.	HOW DO WE DO IT? Weekly visits to the workplace: Early Morning, Lunch or Late Afternoon. We already serve more than 15 workplaces in JB MARKS.	RE E DIRA JANG? Diketelo tsa beke le beke kwa tirong: Moso, Dijo tsa Motshegare kgotsa Thapama. Re setse re direla mafelo a tiro a a fetang 15 mo JB MARKS.
Kontak ons gerus:	Feel free to contact us:	Ikgolaganya le rona:
Johan Zerwick Evangelist 0834583837	Past.Jacob Mofokeng Preacher 0792104565	Bish. Elias Modise Preacher 0827700713
		Jan Schlebusch Jesusfilm 0833072448
		Johan van Eeden Fin. Manager 0836794699

Wie kan die eerste klip gooi?

INLEIDING

Ons leef in 'n tyd van skemer-moraliteit. Mense is nie seker wat hulle glo en hoekom nie. Ons tree op bepaalde maniere op omdat dit reg of goed voel. Of dit mag wees dat tradisie of sosiaal-aanvaarbare norme ons leer om op sekere maniere op te tree. Tog het elke mens 'n Godgegewe sin van moraliteit - 'n gewete, alhoewel dit soms verskroei of skeefgetrek mag wees. Aan die een kant moet ons opstaan vir wat reg is en beveg wat verkeerd is. Neem as voorbeeld ondersoekende joernalistiek. Sulke mense speel 'n belangrike rol om korrupsie en onwettige gedrag bloot te lê. Maar daar is ook die ander kant van die muntstuk: ons moet genade gee wanneer mense val en fouteer, omdat ons self soveel genade en vergifnis ontvang het.

Ons lees in Johannes 8 van die vrou wat in owerspel betrap is. Die skrifgeleerdes en Fariseërs het 'n publieke lering van Jesus in die tempel gruwelik onderbreek om Hom op die proef te stel. Hulle stel eintlik aan Jesus 'n tweeledige strik: Is die wet van Moses geldig? Indien nie, is Hy nie 'n waaragtige Leermeester nie. Indien wel, moet die vrou gestenig word soos wat die wet vereis. Maar dit kon natuurlik lei tot 'n botsing met die Romeinse gereg. Dit lyk na die perfekte lokval! Meer nog as om uit te vind wat reg is en wat God wil hê, probeer die Fariseërs Jesus met skelm slimstreke betrap, omdat hulle Hom uit die weg wou ruim. Jesus antwoord hierdie kwelvraag egter op 'n veel dieper vlak - en dit skud die eie-geregtiges (en ons vandag nog) tot in hulle fundamente.

1. IS DIE WET VAN MOSES TOEPASLIK?

Met reg kom die Fariseërs en haal Moses aan. Dit het die hoeksteen van die hele godsdienstige samelewing van daardie tyd gevorm. Jesus het per geleentheid vir die skare geleer, *“Die skrifgeleerdes en die Fariseërs sit op die stoel van Moses. Alles wat hulle dan vir julle mag sê om te onderhou, onderhou en doen dit; maar volgens hulle werke moet julle nie doen nie, want hulle praat en doen nie”* (Matt. 23:2-3 DV). Hier tref Jesus onderskeid tussen die ware gees van die Wet van Moses en die skynheilige gedrag van dié wat sê dat hulle die wet eer en onderhou, maar dit nie van harte doen nie. Hulle het net voorgegee. Jesus bevestig dus die beginsels van die wet terwyl Hy die harts-gesindheid waarmee dit nagekom word, voorop stel. Die Fariseërs se skynheiligheid word geopenbaar deur die feit dat hulle nalaat om die helfte van die betrokke wet te noem: mans wat owerspel pleeg, moet ook gestenig word,

nie net vroue nie (Lev. 20:10; Deut. 22:22). Die straf geld vir albei sondige partye. En hulle het dit geweet. Dus wys hulle handelswyse op hulle slinkse hart.

'n Mens wonder of die Fariseërs 'n lokval vir die vrou gestel het, net om Jesus by te kom? Sommige kommentators wys daarop dat die bewysvoering vir hierdie misdaad baie streng was: twee getuies moes die daad gesien het; juis daarom is daar nie baie mense weens owerspel om die lewe gebring nie, omdat dit 'n privaat sonde was wat nie sommer deur ander gesien is nie. Dit dui op 'n kunsmatige saak en 'n lokval wat moontlik gestel is.

In die Bergpredikasie leer Jesus, *“Moenie eers daaraan dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete af te skaf nie. Ek het nie gekom om af te skaf nie, maar om te vervul”* (Matt. 5:17 DV). Hy gaan voort en haal verskeie wette aan, maar moedig dan Sy volgelinge aan om op 'n veel hoër morele vlak te leef: hulle moet die gees van die wet nakom. Hy vervul die wet - Hy bring dit tot volle ontplooiing. Moord word vergroot om karaktermoord (skinder, skeldtaal) in te sluit. 'n Offer kan nie plaasvind voordat jy sake met 'n broer, wat iets teen jou het - nie jy teen hom nie, uitgestryk het nie. Egbreuk word verbreed om immorele gedagtes in te sluit. Die versoekings moet daadwerklik vermy word. Egskeiding kan nie net lukraak plaasvind nie, maar slegs weens egbreuk is dit geoorloof. Vermy leë geloftes en doen liever die goeie, eerder as om net te belowe sonder om te doen. Nie 'n oog vir 'n oog nie, maar 'n nederige en vrygewige gesindheid moet nagejaag word. Ons moet ons vyande liefhê, en so sal ons die beeld van die Vader uitdra.

Bogenoemde voorbeelde dui daarop dat die beginsels van die Wet steeds geldig is. Jesus negeer nie die Wet nie. Hierdie beginsels geld vandag nog. Dit is ewig, omdat God dit gegee het. Dit weerspieël Sy karakter. Wat Jesus egter verder openbaar, is dat die wetsbeginsels met die regte hartsmotief nagekom moet word.

2. KAN ONS ONSSELF AANMATIG OM ANDER TE OORDEEL?

Jesus leer ons om nie te oordeel nie. Iemand skryf: “judge not without knowledge, charity, or necessity.” Weer eens gaan dit oor die harts-gesindheid. Ons moet beoordeel, maar nie in eie-geregtigheid en trots genadeloos veroordeel nie.

Die kruis is die volmaakte interseksie van liefde en geregtigheid: Ons ervaar God se vergifnis



<https://freebibleimages.org>

terwyl Jesus die geregtelike prys vir ons sonde betaal het. Ons moet hierdie fyn balans in ons eie lewe najaag.

Eerder as om te stry oor die geldigheid van die Wet van Moses, stuur Jesus die gesprek in 'n ander rigting: wie is werklik moreel verheve en geskik om ander te mag oordeel? Wat is die harts-gesindheid agter ons sogenaamde sin vir geregtigheid? Is dit eie voordeel? Is dit om ander af te druk en onself te verhef? Om goed te lyk en geprys te word in vergelyking met die sonde van ander? Geestelike hoogmoed? Eie gewin? Of smag ons werklik na geregtigheid soos wat Jesus ons in die Bergpredikasie leer? *“Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid [met dieselfde intensiteit as iemand wat byna van honger en dors sterf], want hulle sal versadig word”* (Matt. 5:6 DV). Inderdaad moet ons geregtigheid najaag, maar dit met 'n korrekte gesindheid.

Daar is net een volmaakte Regter en Middelaar. Hy het die reg om te oordeel, omdat God dit aan Hom gegee het (Joh. 5:22). Hy het ook 'n onkreukbare rekord en niemand kan vingers na Hom wys nie. Menslike regters het foute, maar word steeds bemagtig om met outoriteit die wet toe te pas. Maar ironies genoeg spreek Jesus nie reg in arrogansie of Selfgeregtigheid nie. Hy is in elke opsig versoek, maar sonder sonde (Heb. 4:15). Hy is ons Groot Hoëpriester. Die uitsluitlike en enkele Persoon wat werklik straf kon uitdeel, kies dus om medelye met ons swakhede te hê.

Een kommentator noem dit “brutal indelicacy” dat die Fariseërs die vrou voor almal uitklee, en dit sonder dat daar 'n verhoor plaasgevind het. As hulle werklik die waarheid nagejaag het, sou hulle hierdie sensitiewe saak met groot omsigtigheid hanteer het. Hierin is ook 'n waarskuwing vir ons opgesluit. Jesus se woorde sny diep, *“Laat die een wat sonder sonde is, eerste 'n klip na haar gooi”* (Joh. 8:7 DV). Hy val nie in die strik om Moses se Wet as ongeldig te

verklaar nie. Hy ontken nie die feit dat sonde gestraf moet word nie. Maar Hy lê die venynige en trotse harts-gesindhede van die aanklaers bloot. Hiermee beëindig Hy die hele argument.

'n Mens kan spekulêr oor wat Jesus op die grond geskryf het. Sommige is van mening dat dit die beskuldigers se sondes was. Ander sien 'n heenwysing na die vinger van God wat die Tien Gebooe geskryf het. Wat dit ook al was, die beskuldigers se gewete het hulle aangekla en hulle het die aftog geblaas.

3. DIE VROU SE GROOTSTE BEHOEFTE

Hoe kosbaar is dit dat Jesus in hierdie verhaal God se hart aan ons openbaar. Hy is nie net 'n wrede, vergeldende God wat geregtigheid ten alle koste najaag nie. Sy regverdige woede word getemper deur Sy onuitbluslike liefde! Hy het opregte medelye met ons. Hy sien die vrou se grootste behoefte - wat ook ons s'n is: vergifnis. Diep in ons wese begeer ons versoening en vrede met God. Slegs Jesus kon dit vir ons aanbring: *“Hy is egter deurboor oor ons oortredings, verbrysel oor ons sondeskuld. Die straf wat ons vrede bewerk, was op Hom, en deur Sy wonde is daar vir ons genesing”* (Jesaja 53:5 DV).

Hierdie gedeelte sluit af met die woorde: *“Ek veroordeel jou ook nie”* (v. 11). Die vrou se aanklaers het een vir een verdwyn. Nou bly nog net Jesus oor. Hy is die regverdige Regter. En Hy kon haar met reg veroordeel en straf, maar Hy kies om dit nie te doen nie. Is dit nie die definisie van vergifnis nie? Dit gryp die vrou aan die hart. Ons kan God ook loof vir dieselfde genade wat Hy aan ons elkeen bewys!

4. DIE GEVOLG VAN GENADE

Watter gedrag ontkenen God se wonderlike vergifnis jeens ons? Eerstens sê Jesus, *“Gaan heen en sondig nie meer nie”* (v. 11). Ons moet ook wegdraai van sonde en in 'n nuwe en heilige lewe saam met God leef. Ons

Vervolg op p. 7

LET THERE BE LIGHT

I used to be afraid of the dark. Since earliest childhood I remember waking up at night and suddenly feeling afraid and alone. My father knew that and had compassion on his little girl so their bedroom door was left open in case I should need a light. “Dad, please shine your torch!” I’d call and I would run as fast as my little legs could go and jump into their bed. Never did he scold me for my fear or for disturbing their rest. He only ever consoled me, calmed my fears and tucked me in.

God, the origin of light, right in the beginning said: *“Let there be light,’ and there was light.”* (Genesis 1:3). Humankind cannot survive without light. For us who have chosen to live in His light, our spiritual lives likewise cannot thrive without the light of

the Word, as Psalm 119:105 states: *“Your Word is a lamp to my feet and a light to my path”*.

When life on Earth was darkened by sin, engrossed in the evil of the ungodly, God sent His Son. Desperately in need of divine life and salvation, Jesus came to us, declaring, *“I am the light of the world”* (John 8:12).

We see darkness prevailing in these days through the hatred of men who care nothing for the sanctity of life, driven by evil and darkness, they kill and destroy and celebrate the slaying of the innocent. Still the light of God shines, and oh, the blessed assurance that we still find - *“In Him was life, and that life was the light of men... The light shines in the darkness, and darkness has NOT OVERCOME IT”* (John 1:4-5).

Paul confirms that. *“For God, Who said, ‘Let light shine out of darkness,’ has made His light shine in our hearts to give us the light of the knowledge of the glory of God in the Face of Jesus Christ”* (2 Corinthians 4:6).

If you have been battling darkness, be assured that His light is still available to shine into your situation, with divine life at your disposal. May Jesus shine upon you right now and disperse the darkness, whatever it may be. Cry out to Him!

Remain in the light, in His Presence. In His faithfulness He will shine over you, *“for His compassions never fail. They are new every morning; great is [His] faithfulness”* (Lamentations 3:22-23). Take heart, Beloved, step out of your darkness into His mar-



Helen du Plessis
083 332 0895

velous light! Run to Him.

- Helen du Plessis

God se Wonderlig

‘n Lewe sonder ligte? Onmoontlik! Stel u voor dat u vanaand in u huis geen kers, lamp of lig sou hê nie. Gestel daar is geen straatligte of verkeersligte nie. Geen ligte op die aanloopbane van lughawens nie! Geen vuurtorings langs ons seekus nie. Dat ons sonder motorligte moet ry en die medikus sonder ligte moet opereer.

‘n Lewe sonder ligte is ‘n gevaarlike lewe, ‘n koerslose lewe, ‘n lewe van botsings en chaos.

In ons moderne lewe is ligte gevaartekens, maar ook veiligheidstekens. Daarom is ‘n LEWE sonder LIGTE ‘n LEWE waarin niemand sy BESTEMMING ooit sal bereik nie.

Maar ons bestemming is nie net ‘n PLEK nie; dit is ook ‘n wyse van LEWE: ons manier van werk, ons houding teenoor ons naaste en ons verhouding teenoor God.

Die wêreld om my, soos ook die wêreld in my, is ‘n donker wêreld; verward, verwilderd, onstuimig. Die Bybel sê juis dis ‘n SONDIGE wêreld. Maar juis in hierdie wêreld is die Woord van God die LIG wat skyn sodat ek my eindbestemming mag bereik.

God het in die begin - toe duisternis op die wêreldvloed was - gesê: *“Laat daar lig wees!”* Vandag nog spreek Hy ‘n woord en Sy lig gaan op in die harte van sondaars. Hulle bekeer hulle en ontvang die wedergeboorte deur

Gods Gees. En na wedergeboorte?

“Maar julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die DUISTERNIS geroep het tot Sy wonderbare LIG” (1 Pet. 2:9).

En as ons nou wandel in die lig van Gods Woord en in ons hart en wese verlig is deur Sy Heilige Gees, is dit noodsaaklik dat ons ons lig so sal laat skyn dat die wêreld dit sal sien en ons Vader wat in die hemel is, sal verheerlik (Luk. 11:33).

Ons lig en getuienis mag ons nie onder die maat-emmer verberg nie, maar ons moet só helder skyn dat almal kan sien wat ‘n godvrugtige lewenswandel inhou. Ons moet skyn in hierdie wêreld vol sonde soos die vuurtoring langs die kus. Sodat ons mense, soos die skepe, teen die gevaarlike rotse van sonde en struikeling kan waarsku en hulle na ‘n veilige bestemming kan aanhelp.

Hoe wonderlik dat ons bevoorreg is om Gods lig d.m.v. ons lewens te mag uitstraal! MAAR as ons verse 34-35 van Luk. 11 lees, is daar ‘n ernstige waarskuwing: Met die oog sien ons, kyk ons, aanskou ons die wêreld en die mense om ons. En ons reageer op wat ons sien en aanskou. As ons oog reg is, is ons hele liggaam verlig.

As ons gesindheid dus positief en verlig is, sal ons in opregtheid, reinheid en waarheid wandel. En ons HELE menswees en menseverhoudinge sal verlig wees. MAAR as ons gesindheid verkeerd is, sal ons optrede in die teken van duisternis staan en sal ons nie die vrug van die Gees kan opbenaam nie.

Laat ons God dan dank vir die wondergawe van LIG. Mag HY ons die krag daartoe skenk om in SY LIG te lewe en te werk sodat ons vir Hom getuies kan wees... en ook ons eindbestemming veilig mag bereik!

© Huegene Venter



GEBED VIR DESEMBERMAAND

Here my God
Dankie vir die voorreg om ‘n nuwe maand, die laaste maand van die jaar, te verwelkom. Dankie vir U genade wat my tot hier gebring het.
Ek vertrou hierdie maand aan U toe - my planne, my drome, my gesin en my pad.
Lei my met U wysheid, beskerm my teen elke aanval van die vyand, en vul my hart met vrede wat alle verstand te bowe gaan.
Laat hierdie maand ‘n maand van guns, groei, en oorfloed wees.
Laat U lig oor my skyn, en laat elke deur wat U bedoel het, vir my oopgaan en oopbly.
Ek verklaar: hierdie maand behoort aan die Here! U goedheid en guns sal my volg, en ek sal nie vrees nie, want U is met my. In Jesus se Naam. Amen.

3 Ways Attending Church Could Extend Your Life

AN UNEXPECTED WAY TO IMPROVE YOUR HEALTH

If you google “Top Ten Mental Health Hacks” or “Best Ways to Boost Your Physical Health,” you’ll read about prioritising sleep, the benefits of exercise, eating more fruits and vegetables, and not smoking, taking drugs, or drinking too much alcohol. You may hear it’s good for you to spend less time online and more time face to face with real people. You might be encouraged to do yoga or to practise meditation.

What you almost certainly won’t hear is that weekly church attendance is one of the very best things you can do for both your body and your mind. But that’s what researchers at the Harvard School of Public Health have found. In fact, they have discovered that going to church can add multiple years to your life.

1. PHYSICAL HEALTH BENEFITS

Church attendance once a week or more is linked with a 20 to 30 percent lower likelihood of dying in the next fifteen years. Those who attend religious services each week when they are twenty years old live, on average, seven years longer than those who never attend. Weekly church is as good for your health as eating more fruits and vegetables, or (if you’re a woman over forty) having yearly mammograms. It’s almost as good for you as quitting smoking or starting to exercise!

What’s more, if you start attending church, you’re much more likely to be able to quit smoking if you have that habit. These positive effects are not just because healthy people are more likely to attend church than those who are already sick. Researchers have controlled for baseline health and still found a significant effect. So, if you want to boost your health and add years to your life, why not try church?

2. MENTAL HEALTH BENEFITS

When it comes to mental health, the benefits of regular religious services are also striking. In

America, church-attending adults are 11 percent more likely to describe themselves as “very happy” than their non-church-going peers. While the most faithful church attenders can and do experience depression, people who go to church each week are 33 percent less likely to get depressed, and substantially more likely to recover from depression than their non-service-attending peers.

What’s more, if non-churchgoers who struggle with depression start attending, they are also more likely to recover. Kids who go to church weekly are less likely to get depressed or take illegal drugs and more likely to become happy, healthy adults.

Tragically, as church attendance has declined in recent years, the number of people dying deaths of despair - from suicide, drug abuse, or alcohol addiction - has substantially increased. But church can turn that tide. Weekly churchgoers are 50 percent less likely to die from suicide, drugs, or alcohol than people who never attend. So, if you or your children are struggling with mental health or battling addiction, why not join a local church? It could be just what the doctor ordered.

